STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

10 MAART 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**TWEEDE LYDENSWEEK**

**OGGENDDIENS**
Om lig in donkerte te bring.
Joh. 1:1-18

**GESINSDIENS**
Om lig in die donkerte te bring.
Joh. 1:1-18

**JEUGDIENS**
Om lig in donkerte te bring.
Joh. 1:1-18

**DEURKOLLEKTE**
**JAM-span**
Jabulani Africa Missions word al etlike jare deur die gemeente ondersteun. Hulle werk voltyds in verskeie minderbevoorregte gemeenskappe in die Wes-Kaap en platteland.

## EREDIENSTE

| | | | 10 Maart | | 17 Maart | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Potgieter | 1 | Ds. Potgieter | 2 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Duvenhage | 6 | Geen diens | - |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Geen diens | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Geen diens | - | Geen diens | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Duvenhage | - | Geen diens | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Potgieter | 12 | Ds. Potgieter | 13 |

## ’N WOLSKAAPBORSPELD IN RUIL VIR DONASIE

Ondersteun asb. vanoggend ons breigroep deur ’n donasie vir wolaankope te maak en in ruil vir die donasie ontvang jy ’n pragtige wolskaapborsspeld wat op jou winterjas kan pryk. Die breigroep brei jaarliks serpe, musse en truie wat tydens die winteruitreike in die Karoo en Transkei aan kinders en bejaardes geskenk word. In 2018 het die breigroep 800 serpe, 840 musse, 100 truitjies en 50 pare handskoene vir die uitreike gebrei.

## RETRAITE IN WELLINGTON

Moderne mense se groeiende behoefte aan stilte het die gedagte aan ’n kwartaallikse wegbreekgeleentheid na die Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington laat ontstaan. Belangstellendes sal die opsie hê om as deel van ’n groep, of alleen, stilte op te soek. Die eerste wegbreekgeleentheid is vanaf Vrydag 5 April om 18:00 tot Saterdag 6 April om18:00. Akkommodasie (enkelkamer met badkamer) en etes word ingesluit en koste beloop R480 per persoon. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna.
- SENIORKLEINGROEPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.
- SKOOLVAKANSIE: Ons wens alle ouers, kinders en ons kleingroepleiers 'n welverdiende ruskans toe. Kleingroepe begin weer op Sondag 7 April.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

## SPORTTOERUSTING VIR VOSBURG

'n Jeug- en volwasse uitreikspan besoek Vosburg vanaf 19 tot 26 Maart. Ons wil graag tweedehandse sporttoerusting saam met die uitreik stuur en dit benut in ons programme wat vir kinders aangebied word. Enige tweedehandse sporttoerusting, veral balle, sal baie welkom wees. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## STELLENBERG KOSPROJEK

Die volgende datums vir ons kosprojekinsameling is **26 Maart en 23 April.** Bydraes van nie-bederfbare produkte kan onder die trap in die voorportaal van die kerk geplaas word, of gee af by die kerkkantoor. Kontantbydraes kan elektroniese oorbetaal word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2&3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5&6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 1 April om 09:30 in die markplein bymekaar.

### RUYTERWACHT-BASAAR

Die NG Kerk in Ruyterwacht hou basaar op Vrydag 5 April en vra dat lidmate hulle met die volgende bestanddele vir hulle poedingverkope ondersteun: jellie, idealmelk, kondensmelk, eenliterbokse vla en fyngemaakte pynappelstukke. Bydraes moet asseblief voor 20 Maart by Stellenberg-kerkkantoor afgegee word.

## FOKUSPROGRAM 7-21 APRIL

Met die oog op die Lydenstyd en Paasfees word 'n spesiale fokusprogram met die tema HOOP IN BEWEGING vanaf 7 tot 21 April in die gemeente aangebied. Lidmate word uitgenooi om vir die volgende spesiale byeenkomste te bespreek. Kaartjies vir al drie die byeenkomste beloop R50 per persoon per geleentheid en kan **vanoggend na kerk by die inligtingstafel gekoop word.**

- **Aanbieding deur prof. Christina Landman,** Maandag 8 April om 19:00 in die kleinsaal. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Kaartjies R50 p.p.
- **Toneelstuk deur Johan Laten,** met die tema: Hoop in beweging. Donderdag 11 April om 19:00 in die kleinsaal. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/ 021 976 4519. Kaartjies R50 p.p.
- **Joodse Paasete,** Woensdag 17 April om 19:00 met eg Joodse kos. Dit is 'n besondere geleentheid waarby die hele gesin kan inskakel. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Kaartjies R50 p.p.

## BASAARKOÖRDINEERDER EN TERUGVOER

**Basaar-terugvoer:** Ons sal so spoedig moontlik die finale bedrag wat by die basaar ingesamel is, bekend maak. Al die eise vir uitgawes is nog nie gefinaliseer nie.

**Basaarkoördineerder:** Dankie aan Christine Morsbach wat die afgelope twee jaar as koördineerder opgetree het. Sy het haar vanjaar uitstekend van haar taak gekwyt. Sy kan ongelukkig nie voortgaan met die funksie as basaarkoördineerder nie en daarom soek ons 'n persoon wat gewillig sou wees om by haar oor te neem om as koördineerder vir 2020. Daar is 'n vergoeding aan die werk verbonde. Belangstellendes moet asb. vir Callie Visagie 072 385 4368 voor **Woensdag 13 Maart** kontak sodat die nuwe koördineerder die 2019-terugvoervergadering kan bywoon.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Bybelstudie Donderdag 14 Maart om 15:00 en 15:45 uit 3 Joh. v.1–15 Oor goeie leiers en slegte leiers.

### ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

### BASAARBORG 2019

Milieu
EIENDOMME/ESTATES
www.milieuproperties.com

**Kontakpersoon:**

JP van der Poel

082 878 5582

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Johannes Hendrik Jacobus (Hannes) Brand, gebore 29/12/1942 en oorlede 1/03/2019. Hannes was sedert 1972 'n aktiewe lidmaat van die gemeente. Sy roudiens was op Donderdag 7 Maart om 14:00 in die kerk. Ons innige meegevoel met sy vrou, Zita, asook kinders Ansarick en Stephan Boshoff, Mia en Chris Johnson en kleinkinders wat hy agterlaat.
- Daisy Smith Karstel, gebore 17/02/1938 en oorlede op 1/03/2019. Sy was 'n inwoner van Legato-aftreeoord. Ons meegevoel aan haar familie, o.a. Marius en Elize de Kock, ook lidmate van die gemeente, wat sy agterlaat. Haar roudiens is op Donderdag 7 Maart om 14:30 in Legato gehou.

## GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep - Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep - Woensdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep - Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

## MANNEKAMP 24 TOT 26 MEI

Na afloop van 'n baie geseënde mannekamp in 2018 is daar besluit om jaarliks twee geleenthede aan te bied. Gee prioriteit aan jou geestelike opbou en kom ervaar die seën van die Here saam met ander mans – oud en jonk! Ons gaan na Wortelgat, Stanford. Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448.

ALTA DU TOIT NASORG BIED AAN:

**Sonskynfees**

30 Maart by Hillcrest Durbanville

Bekende kunstenaars tree op en eet- en drinkgoed vir die hele gesin word te koop aangebied.

marina@altadutoit.org.za

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029 gemaak word.